

Só bring sonkrag vir jou geld in



Dit het pas aan die lig gekom dat boere met sonkragstelsels inderdaad reeds krag wat hulle só opwek, in die nasionale netwerk kan terugplaas. Dié wending hou nie net beduidende finansiële voordele vir grondeienaars in nie, maar kan ook 'n groot rol speel om Suid-Afrika se kragkrisis te help verlig.

Tot dusver was die groot versugting van boere met sonkragstelsels om surplus-krag teen vergoeding in die Eskom-netwerk te kan terugvoer. Mnr. Nicol Jansen, 'n lid van Agri SA se kommersiële beleidskomitee, sê dit lyk of dié droogte nou gebreek is. 'n Vergadering is pas tussen Agri SA se kommersiële beleidskomitee en verteenwoordigers uit die sonkrag-nywerheid, Eskom, die banksektor en die Departement van Handel en Nywerheid in Pretoria gehou. Op die vergadering het dit deurgeskemer dat dit reeds moontlik is om surplus-krag in die netwerk terug te voer. Trouens, dit word

reeds in dele van Suid-Afrika gedoen.

Landbouweekblad wou ná die vergadering by Nicol en mnr. Chris Schutte van die maatskappy Sonfin, met sy hoofkantoor in Pretoria, weet hoe dit werk.

Chris het op die vergadering onder meer voorbeelde verskaf van boere wat reeds surplus-sonkrag in die netwerk terugplaas.

Sonfin is al drie jaar lank met sulke soort stelsels besig. Die rede hoekom dit so lank gevat het, hou verband met goedkeuring deur Eskom. Dit is egter nou gereed om landwyd toegepas te word.

TWEE STELSLS TER SPRAKE

Twee soorte stelsels is ter sprake – 'n lae-

KORTOM

- Dit is reeds moontlik vir boere om krag in die nasionale netwerk terug te plaas en 'n krediet daarvoor te ontvang.
- Dit is van kritieke belang om die regte grootte sonkragstelsel te installeer, anders sal jy nooit die krag wat jy opwek, kan gebruik nie.
- Naas kragbesparing hou die stelsel verdere finansiële voordele in.

volt- en 'n mediumvolt-verbinding. Die laevolt-een geld vir enige boer met byvoorbeeld 'n 20 kVA-, 25 kVA- of selfs 'n 50 kVA-transformator.

Nicol sê laevolt-verbinding is nog nie goedgekeur nie, maar behoort einde vanjaar gereed te wees. Die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) het reeds 'n dokument daarvoor beskikbaar gestel vir bespreking. Daarna sal openbare verhore oor die voorstelle gehou word. 'n Finale dokument sal dan aan Eskom beskikbaar gestel word vir die ontwikkeling van die nodige prysstrukture.

Vir boere met 'n 100 kVA-transformator of groter, is dit egter makliker, aangesien hulle reeds vir 'n mediumvolt-verbinding in

LINKS: Die grootste dak-installing tot nog toe deur Sonfin is einde verlede jaar op 'n vervaardigingsfabriek van die Hentha-trust in Gauteng gedoen.

INLAS: Mnr. Chris Schutte



aanmerking kom, sê Chris. Selfs al het hulle 50 kVA-transformators, maar op 'n hele paar punte op hul plaas, kan hulle in aanmerking kom deur bloot dié punte te konsolideer en op een rekening te plaas. Dit beteken een sonstelsel of -aanleg vir al jou kragpunte en nie verskillende stelsels by elke kragpunt nie.

GROOTTE MAAK SAAK

Kry boere inderdaad geld by Eskom vir die sonkrag wat hulle met hierdie soort verbinding in die netwerk terugplaas?

Nee, verduidelik Chris, dit gebeur nie regtig nie; die boer bewaar of "bank" as 't ware enige surplus-krag wat sy stelsel maandeliks opwek op sy Eskom-rekening vir eie gebruik in 'n latere stadium.

In die omgangstaal word dit *banking* genoem, maar die krag word nêrens opgeberg nie. Die huidige meter word vervang met 'n 4 kwadrant-meter. Die elektroniese meter neem halfuurlik metings van die krag wat uit die netwerk onttrek word én wat deur die sonplaas teruggesit word.

Die ou wieteljiemeter is onwettig as hy terugdraai, en moet deur 'n 4 kwadrant-meter vervang word. Dit is dus 'n administratiewe proses waarvoor die boer 'n krediet op sy rekening kry. As hy weer in sy spytstyd inbevoeg, soos op 'n besproeiingsplaas, onttrek hy outomaties daardie krediete en het hy op die ou end 'n nul-kragrekening per jaar.

Aangesien die bank van krag beperk word tot 12 maande, is dit belangrik om daarop te let dat die grootte van jou sonkragstelsel van deurslaggewende belang is, sê Chris. Dit help byvoorbeeld nie 'n boer installeer 'n reusestelsel wat meer krag opwek as wat hy in 12 maande kan gebruik nie, want dan is dit 'n vermorsing van geld.

HOE PAK 'N BOER DIT AAN?

"Ons kry 12 maande se rekening van die

REGS: Die sitrusgroep GoGo Fruit in Limpopo bestaan onder meer uit 'n verkoelingsaanleg en 'n pakkamer. Die stelsel van 215 kWp is die grootste grondinstallering wat Sonfin tot nog toe gehanteer het.

boer en stel vir hom 'n beraming op. Dít sê hoe groot sy sonstelsel moet wees sodat die kraglewering deur die stelsel gelykstaande is aan sy jaarlikse kragverbruik.

"As die boer tevrede is en daarmee wil voortgaan, vul ons 'n aansoekvorm by Eskom in, wat in die omgangstaal as 'n kosteberaming-brief bekend staan. Daarvoor betaal die boer vooraf R13 000 aan Eskom vir 'n sonstelsel kleiner as 1 MWp (megawatt-piek; dit is teen twaalfuur die middag, wanneer die sonstelsel teen sy volle kapasiteit krag opwek)," sê Chris.

Eskom stuur dan sy netwerkbeplanners en netwerktoegangseenheid vir die betrokke gebied na die plaas toe, stel vas of die transformator op die plaas die regte grootte is en of die meter vervang moet word. Hulle kyk ook of die kraglyn die krag wat teruggesit word, kan hanteer. Daarby bereken hulle die koste van 'n veiligheidstoestel wat voorkom dat sonkrag in die netwerk ingevoer word

as beurtkrag geld, of as die lyn afgeskakel word vir onderhoudswerk.

As dit klaar is, stuur Eskom vir die boer 'n kosteberaming-brief wat presies uiteensit wat dit hom gaan kos om daardie punt te verander sodat hy op die netwerk kan inskakel en surplus-krag kan "bank".

Daarvoor moet die boer egter na 'n Ruraflex-tarief of 'n Genflex-tariefplan verander, as hy nie reeds daarop is nie. Dit inkorporeer byvoorbeeld spits-, standaard- en buitespitstye tydens kragverbruik. Jou stelsel wek 'n gedeelte van sy krag in spytstye op, maar die meeste in standaardtye, met geen krag in buitespitstyd (snags) nie.

"Eskom sê as jy in spytstyd krag in die netwerk terugsit, is dit twee keer of selfs meer werd as die waarde van standaardtyd. Eskom gee jou dus twee of meer eenhede vir elke een wat jy insit."

Die bykomende Eskom-koste hang volgens Chris af van dit wat werklik nodig ►





BO: Sonpanele op dakke van die Hentha-trust se vervaardigingsfabriek in Benoni.

LINKS: Fase een van die Diphale-sitrusboerdery in Limpopo bestaan uit 'n 100 kWp-stelsel. Die projek sal uiteindelik 650 kWp kan lewer. Dit bestaan onder meer uit verkoelingsgeriewe en 'n pakkamerinstallering.



◀ is om die mediumvolt-verbinding op die Eskom-netwerf te bewerkstellig. Sonfin se grootste (R650 000) én kleinste (R40 000) kosteberamings was vir 900 kWp-stelsels.

Wanneer die boer dit alles aanvaar, stuur hy sy kosteberamingsbrief terug na Eskom. Laasgenoemde trek dan die aanvanklike R13 000 af van die beraming.

Indien Eskom enige rede kry waarom jy nie krag op die netwerk mag sit nie – en tot nou toe het dit bitter min gebeur – kry jy jou R13 000 terug.

Hieronder tel byvoorbeeld 'n buurman wat 'n transformator het wat nie die krag op die lyn sal kan hanteer nie.

Eskom het verder 'n bepaling dat net 15% van boere in hul landwyse bedieningsgebied sonkrag mag verskaf. As die syfer in jou betrokke distrik reeds die 15% oorskry, sal jou aansoek ook afgekeur word.

As Eskom jou toestemming gee om by die netwerk aan te sluit, met die kosteberaming daarby, maar jy besluit dié koste plus jou sonkragstelsel s'n is te veel, verloor jy die R13 000.

Chris sê Eskom het inderdaad 'n opsie waar jy krag teen betaling aan hom kan te-

rugverkoop, maar Sonfin raai boere af om dit te doen, aangesien slegs eenjaar-kontrakte by Eskom ter sprake is.

Die bank van krag is 'n sekerder opsie, want die boer kry 'n kontrak van Eskom wat sê hy mag sy krag bank vir die leeftyd van sy stelsel. Al bepaling is dat die boer sy sonstelsel nie binne 15 jaar van die netwerk mag ontkoppel nie.

'SOMME MAAK SIN'

Verloop die projek inderdaad reeds vlot? "Dit is alles amptelik. In Limpopo het Sonfin reeds sewe goedgekeurde kosteberamings-briewe van Eskom gekry en twee boere daar is reeds aan die netwerk gekoppel. Oor Suid-Afrika heen het Sonfin ongeveer 25 MW se aansoeke by Eskom ingedien wat in die finale stadium van goedkeuring is.

"Die somme maak vir die boere sin. Die boer wat die stelsels met kontant doen, trek natuurlik die meeste voordeel omdat daar nie rente betrokke is nie. Maar selfs as hy finansiering gebruik, is daar ook 'n voordeel. Absa en Nedbank gee hul kliënte 7% afslag op die koste van hul sonkragstelsels, plus 100% lenings oor 'n tienjaartydperk.

'Die somme maak vir die boere sin. Die boer wat die stelsels met kontant doen, trek natuurlik die meeste voordeel daaruit omdat daar nie rente betrokke is nie. Maar selfs as hy finansiering gebruik, is daar ook 'n voordeel.'

"Veronderstel jou stelsel kos R100 000, dan gee die bank jou 7% afslag daarop. Jy kan die kontant neem en terugsit in jou besigheid, of jy kan dit gebruik as deposito op die finansieringspakket."

Maar daar's nog 'n toeweging, dié een weliswaar effe moeiliker. Die Departement van Handel en Nywerheid betaal enigets van 30% tot 50% aan die eienaar terug vir sonkraginstallasies in die sekondêre sektor – uiteraard onderworpe aan swartbemagtigingsvereistes. Al sy sitrusboere kom daarvoor in aanmerking, sê Chris.

Met dié stelsel dien jy 60 dae voor jy jou sonkragstelsel gaan opsit, 'n aansoek by die departement in. Die departement kom na jou plaas toe, bekyk jou finansiële state en bates, en besluit daarvolgens vir watter persentasie terugbetaling jy in aanmerking kom. Hoe groter jou bates, hoe minder is die afslag.

Negentig dae nadat jy by die netwerk ingeskakel het, betaal die departement jou afslag uit. Teoreties gesproke praat 'n mens hier van 150 dae, maar Chris sê die departement is egter so ver agter met sy werk dat dit eerder 18 maande duur om 'n goedkeuring af te handel.

"As ons hierdie ontledings vir die boer doen, sê ons vir hom orraait, ons het 'n afdeling in ons maatskappy wat daarmee werk, ons doen aansoek, maar ons weet nie of jy daarvoor in aanmerking gaan kom nie; ons gaan solank voort met die projek.

"As jy die geld kry, is dit 'n bonus!

"Ek het reeds drie boere wat goedkeuring gekry het by die departement. Een se projek was R40 miljoen, sy boerdery het saam met die bank se rabat sowat R25 miljoen teruggekry – wat die lewensvatbaarheid van die sonstelsel aansienlik verbeter het.

OOK DIE MOEITE WERD VIR 'N KLEINER BOER?

Nou wat dan van die kleiner boer – is dit dan nie vir hom ook die moeite werd om op die netwerk te gaan nie? Chris verwys weer na die openbare dokument wat Nersa vroeër vanjaar gepubliseer het. Dit handel juis oor die vraag of boere op 'n laevolt-netwerk dieselfde soort geld moet betaal as groot boere om hul stelsels aan dié netwerk te koppel.

Hy het reeds insae daarin gehad (dit is op Eskom se webblad te kry), en verduidelik die voorstel. As jou Eskom-lyn net vir jou plaas is en hy spruit nie uit na ander plase nie, mag jy 'n sonstelsel koppel wat tot 75% van die grootte van jou transformator is, sonder om enige koste te betaal.

As ander boere aan dieselfde lyn as jy gekoppel is, dan mag jy 'n sonstelsel van tot 25% van die grootte van jou transformator op jou plaas installeer sonder enige Eskom-kos-

te. Daar is dus hoop vir klein boere, sê Chris. Behels dit ook die bank van krag?

"Jy sal krag kan bank met laevolt-verbindings, maar onthou, as jy 'n 25%-sonstelsel opsit, gaan jy die krag wat jy gaan genereer, net in die dag kan gebruik. Jy gaan nooit genoeg krag terugsit om krag te bank nie, jy gaan net die sonligure spaar. Dit gaan dus hier uitsluitlik oor kragbesparing.

"Ons sal byvoorbeeld na so 'n boer kan gaan en vir hom sê ons kan 25%, 40% of 70% van jou rekening spaar, wat ook al die geval is. Daardie somme gaan ook vir hom sin maak, want onthou, vir die volgende 25 jaar wat hy 'n waarborg het op die sonpanele, en vir die lewensduur van 30 jaar, het hy verniet krag vir daardie gedeelte wat hy opgesit het.

"Tegnologie verbeter. Oor tien jaar gaan batterye goedkoper raak en vir die kleiner boer gaan dit dus in die toekoms sin maak om batterye te installeer en hom geheel en al van die netwerk af te ontkoppel."

Sonfin doen inderdaad reeds vir boere ontledings oor laevoltverbindings om te bepaal of dit bekostigbaar is. "Vir dié ou wat vyf of ses punte op sy plaas het, kan ons op een punt 'n sonstelsel insit. Ons verander dié punt dan na 'n mediumvoltverbinding, hy voer die krag by dié een punt in en gebruik die krediete vir al die punte op sy plaas."

Vir ander maak dit glad nie sin nie. "In Petrusburg het 'n boer byvoorbeeld een 50 kVA-transformator. Eskom vra hom R350 000 om aan die netwerk te koppel.

"Dis hoekom ons die mense aanraai: Vir enigets oor 'n 100 kWp-stelsel doen jy aansoek vir 'n mediumvolt-verbinding en dan is jou terugbetalingstydperk op so 'n stelsel van vier jaar tot vyf jaar."

UITBREIDING MOONTLIK

Chris sê verder hulle ontwerp hul stelsels juis só dat die boer mettertyd kan uitbrei;



BO: Fase 1 van die sonaanleg op die Diphale-sitrusboerdery naby Groblersdal in Limpopo. Die algehele oppervlak van die voltooië projek sal 0,78 ha wees. INLAS: 'n Voorbeeld van 'n 4-kwadrantmeter, wat die ouer wietljiemeter vervang. Dit meet elke halfuur die krag wat onttrek en in die netwerk teruggeplaas word.



hulle doen dit dus in serie. "Vir 'n bekende sitrusplaas het ons byvoorbeeld by Eskom aansoek gedoen vir die volle 650 kWp wat hy wil installeer. Die betrokke boer wil egter sy stelsel met kontant finansier, maar sy aansluiting by Eskom is bespreek en betaal vir die volle 650 kWp. Hy gaan sy sonstelsel in fases van 100 kWp doen: Vanjaar is dit 100 kWp, volgende jaar wanneer sy oes in is, is dit nog 100 kWp, ensovoorts.

"Eweneens kan jy ook net 'n gedeelte van jou plaas op batterye sit, of dit later byvoeg. Jy kan dit dus heeltemal in fases bou.

"Daar's twee goed wat die boer tans baie seer maak. Arbeid en krag se koste word

aan hom opgedwing, hy het nie 'n keuse nie.

"Ons glo sonkrag gaan 'n groot verskil aan die boere se lewe maak."

Nicol het in sy reaksie gesê hy is verheug oor die vordering wat die laaste tyd gemaak is om die regte inligting oor die inskakeling van hernubare energie by die publiek te kry.

Dit is ook verblydend dat Eskom nou wys hy werk dringend daaraan om die regulasies gereed te kry wat altyd in die verlede op die lange baan geplaas is. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Chris Schutte, sel **072 102 6979**, e-pos: chris@sonfin.co.za, webblad: www.sonfin.co.za. Mnr. Nicol Jansen, sel **082 948 2629**.

AGRI SHALOM KWALITEIT LANDBOUTOERUSTING
www.agrishalom.co.za

- Bees- en Skaapwaens • Mobile Veekele
- Lyfklampe • Nekklampe • Mobile Laaibanke • Tipwaens • Bossiekappers • Skrapers •

Jan-Abraham Strauss
082 636 1785
strauss@agrishalom.co.za

Willem van der Merwe
082 467 7834
willem@agrishalom.co.za

VEEDIEFSTAL?

- ✓ Nekbande vir vee, 100% gewaarborg!
- ✓ Nie nodig om batterye te herlaai nie!
- ✓ Vee het GEEN SELFOPONPVANGS NODIG!

"Skitterend, werk baie goed! Veedië gearrester".
Piet Borman, Skaapboer, Hartogsville, FS

"Geen meer veevrees, vee dië al moedeles. Hulle soek nou ander steelplek".
Willem Joubert, Beesboer, Hartbeespoort, NW

T: 0181 293 1291
E: info@agri-alert.co.za
W: www.agri-alert.co.za
A: Forsmanstraat 38, Potchefstroom

Skakel ons vir 'n resjant in u area!

AgriAlert